

ONKRUIDSAAD

– ‘n suksesstorie

ELBÉ HUGO, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Voortplanting is een van die belangrikste funksies van enige biologiese organisme. Onkruid is een van die suksesvolste plantspesies in terme van saadvermeerdering en -verspreiding.

Alhoewel die meeste onkruidspesies slegs deur saad voortplant, is daar ook ander voortplantingstrukture, insluitende risome (wortelstokke), stolons (ondergrondse stingels), knolle en stingel- en wortelsteggies wat die voortbestaan en verspreiding van onkruid waarborg.

‘n Plant moet verskeie eienskappe ten toon stel voordat dit as ‘n “onkruid” geklassifiseer kan word. Een van die eienskappe is die vermoë om oorvloedig saad te produseer – selfs al is die plantjies (onkruid) nog nie volwasse nie.

Nog ‘n belangrike eienskap van ‘n onkruid is dat die meeste onkruidsaad vir lang periodes lewensvatbaar kan bly. ‘n Goeie voorbeeld van só ‘n onkruid, is olieboom, waarvan 91% van die saad nog kiemkrachtig is nadat dit vir 38 jaar in die grond oorleef het.

Die suksesvolle voortplanting van onkruidspesies kan geïllustreer word deur uintjies (geel uintjies [*Cyperus esculentus*] en rooi uintjies


[*Cyperus rotundus*]) as ‘n voorbeeld te gebruik. Onder gunstige omstandighede waar ander plante nie ook kompeteer nie, kan rooi uintjies binne vier tot sewe dae ontkiem.

Knolvorming begin vier tot ses weke nadat die saailinge opgekom het en kan teen ‘n tempo van tot 200 knolle per vierkante meter per week vorm. Teen 20 weke na opkoms, kan daar meer as 3 000 knolle per vierkante meter geproduseer word.

Fisiologies-volwasse uintjies produseer ook saad bogronds. Een geel uintjie kan 1 900 saailinge en 6 900 knolletjies produseer. As die uintjies onder besproeiing handuit ruk, kan die getalle verdubbel.

Die Bengaalse wandelende Jood is nog ‘n voorbeeld waar saadgetalle onder en bo die grond ‘n merkbare bydrae tot suksesvolle voortplanting lewer. Ondergrondse blomme op die risome begin ses weke na opkoms te vorm en produseer tot 800 sade per vierkante meter. Bogrondse blomme kan soveel soos 12 000 sade per vierkante meter produseer.

Saadproduksie van eenjarige breëblaaronkruid soos porselein (*Portulaca oleracea*) en wit hondebossie (*Chenopodium album*) is nog meer indrukwekkend. Waar hierdie onkruid ongehinderd kan



- ▲ 1: Die gewone misbredie (*Amaranthus hybridus*).
- ▲ 2: Gewone misbredie (saadpakkies en saad).
- ▲ 3: Blomaar met saadpakkies van die gewone misbredie.
- ▲ 4: Wandelende Jood (*Commelina benghalensis*) – ‘n bogrondse saadpakkie.

- ▲ 5: Die wandelende Jood (ondergrondse saad).
- ▲ 6: Bo-grondse saadpakkies met saadjies van die wandelende Jood.

